Geroep tot swak-wees – die waagstuk van geloof

2 Korintiërs 12:1-10 (Genesis 12:1-4 en Luk 5:1-11)

In die gelese gedeeltes is daar drie roepingsverhale. Al drie vereis ‘n geloofsprong, waagmoed. Want om as gelowige geroep te wees, vra uiteindelik kruis-opneem, selfprysgawe, jou lewe as offer. Om gehoorsaam, gelowig te bly glo, al is daar niks meer as net ‘n belofte om aan vas te hou nie, kos waagmoed. Gelowig wees vra ‘n prys; dis nie goedkoop nie. Hoor egter mooi: verlossing is verniet, dis net maar genade. Om egter as verloste te leef, ‘n gehoorsame dissipel te wees, dít vra ‘n prys. Dis duur!

I

Kyk na Abram se roeping. Dat die Here juis vir hóm uitgekies en met hom ‘n verbond gesluit het, was louter genade. Abram self sou dit nooit kon verdien nie, trouens, as jy na sy lewe kyk, het hy dit beslis nié verdien nie. Hy’s uit genade gekies en geroep. Maar dít waartóé die Here hom geroep het, dit het van Abram nogal ‘n groot prys gevra. Hy moes leer om dit in die geloof te waag met die Here, van sy bekende wêreld weg te trek, die onbekende in. Hy moes groot ontberings deurgaan; hy is dikwels op die pad beproef; hy moes leer om te bly vashou aan die beloftes al het hy dit self nie sien waar word nie. Hy’s geroep om ‘n geloofspad agter die Here aan te loop, al was dit ‘n moeilike pad waarop Abram dikwels weerloos was, meer kere geval het, homself moes leer prysgee en net maar op die Here alleen leer vertrou het.

II

Dieselfde het met die twaalf dissipels gebeur. Hulle is geroep om hulle vissersbote net so te los en agter Jesus aan te kom. Nie dat hulle verdien het om gekies en verlos te word nie. Nee, dié ou klompie vissermanne met al hulle geite en giere het dit beslis ook nie verdien nie. Dit was net genade. Maar dit waartoe hulle geroep is, het wel ‘n prys gevra. Genade is verniet, maar dis nie goedkoop nie. So het Bonhoeffer oor dissipelskap geskryf. Gehoorsame dissipel-wees het hom immers sy lewe gekos toe hy deur Hitler tereggestel is. Dit waartoe Jesus sy dissipels geroep het, het uiteindelik gelei tot elkeen van hulle se marteldood.

III

En so was dit ook met Paulus se roeping, waaroor hy in 2 Korintiërs 12 skryf.

Paulus word hier gedwing om oor sy roeping te skryf, selfs daaroor te spog. Want daar was, soos wat Paulus hulle sarkasties noem, “super-apostels” wat in die gemeente kom spog het met hoe sterk hulle is, hoeveel voordeel hulle roeping ingehou het, hoe die Here hulle uit hulle sokkies uit geseën het. “Mense, dis voordelig om Christen te wees, want dan ontvang jy oorvloedige seën; dan verveel die voorspoed jou. Jy moet net reg leer glo, soos ons,” verkondig hulle. “Nie soos die armsalige Paulus nie, want kyk maar net hoe ry die teëspoed hom, kyk maar net hoe min sy Christenskap hom in die sak bring. Kyk maar net hoeveel moet hy ly en opoffer! Is dit waaroor ons Christelike roeping gaan?” So het die super-apostels die lidmate van die Korintiër-gemeente agter hulle aan getrek, weg van Paulus se boodskap af.

Daarom is Paulus hier genoodsaak om sy roeping te verdedig, tree hy dwaas op en spog hy selfs bietjie oor homself. Maar anders as die super-apostels spog hy nie oor die voordele wat sy roeping inhou nie. Natuurlik sou hy kon, argumenteer Paulus. Hy sou kon spog met sy geestelike ervaring – hoe hy die lewende Here Jesus op die pad na Damaskus ontmoet het, hoe dié ontmoeting hom, soos ons vandag sou sê, in die sewende hemel laat beland het. Maar daaroor kan hy nie spog nie; dit was in elk geval so ‘n misterie-gevulde ervaring dat hy dit self nie in woorde gesê kry nie.

Maar waaroor Paulus wél kan spog, is sy swakhede. Sy roeping as gelowige behels juis dat hy in swakheid sal leef en werk. Hy is tot swak-wees geroep, tot neerlegging, afdoening, prysgawe. Swak-wees is die doel van sy roeping.

Nou moet ons probeer verstaan wat Paulus hier met die woord swakheid bedoel. Dis gaan nie bloot om verskoonbare foutjies nie – soos ons dikwels sê: ag verskoon maar, dis nou maar eenmaal my ou swakheid. Swakheid beteken ook nie maar net ‘n tekortkoming, nie sterk genoeg vir iets wees nie. Met swakheid word ook nie een of ander sonde bedoel nie. Ek meen ook nie met swakheid bedoel Paulus hier een of ander liggaamsgebrek, of dalk siekte nie. Met swakheid bedoel hy hier om uit mekaar te val, magteloos te wees, tot niks in staat te wees nie – en daarom algehele oorgawe, “surrender”. Dalk was dit wat hy met doring in die vlees bedoel het, en waarmee die duiwel hom soos vuishoue geslaan het: die voortdurende besef, die vrees-wete dat hy tot niks in staat is nie, self eintlik volledig magteloos is. Ek is geroep om swak te wees. Dis die kruis wat Paulus as dissipel moes leer dra. Om dissipel te wees beteken dus neerlegging, prysgawe, ‘n lewende offer wees ... letterlik: swak wees! Dis die prys wat Christenwees vra; dis wat dit beteken om jou kruis agter Christus aan te dra. Dis die waagstuk van geloof.

But what Paul is actually boasting about is his calling. Not merely his weakness but the fact that the Lord is indeed showing his power by keeping us from falling apart in our weakness, that is what he is boasting about. The Lord’s power is shown en proven in the way He accomplish things in our life and work, despite us, despite our weakness. Paul prayed and pleaded with God: please take away the thorn in my flesh, my weakness. But three times he heard God’s answer: “My grace is sufficient for you, for my power is made perfect in weakness.” Paul is actually boasting about being strong exactly because he is realising his weakness and is learning to depend on the Lord. It is actually about the Lord’s power and not his own. He could therefore write: “I delight in weaknesses, in insults, in hardships, in persecutions, in difficulties. For when I am weak, then I am strong.”

It was never a case of Paul using his weakness as excuse for not doing anything. Paul did much, accomplished a lot. Not in his own power but despite his weakness. He indeed laboured much while depending on God. In that sense Paul was strong, even blessed.

Dis ons roeping as dissipels. Dis waartoe ons as gelowiges geroep word. Nie om te roem is al die worderlike vermoëns wat ons as Christene het nie, nie om te roem daarin dat ons uitermate geseën word met mag en krag en voorspoed nie, maar nederig en afhanklik te roem in die Here se krag waarmee Hy tog in ons werk ten spyte van onsself, hoe Hy ons vashou, al val onsself eintlik maar uitmekaar. Dis die waagstuk van geloof, die vreemdheid van die kruisevangelie – om jou lewe af te lê, sodat jy dit weer kan ontvang, oorvloediglik, en in dankbaarheid.